

16 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 14:8,9

Sterwe tot eer van die Here!

Gelowiges leef tot eer van die Here en hulle sterwe tot eer van die Here!

Wat beteken dit om tot eer van die Here te sterwe? Hoe kan die sterwe van gelowiges die Here eer? Sonde en dood is onlosmaaklik verbind aan mekaar. Die dood het deur die sonde in die wêreld ingekom (Rom 5:12). Die dood is die uiteinde van die sonde (Rom 6:23). Die sonde beroof God van sy eer, want dit laat die mens, wat as beeld van God geskep is, sy rug op God draai. Die dood gaan verder en lê beslag op die mens. Die dood beroof God van sy eer. Die mens wat geskep is om te lewe en om God te eer, word deur die dood weggeruk.

Die troos is dat as 'n gelowige sterwe, het die sonde en die dood nie die laaste sê nie. 'n Gelowige sterwe as 'n verlose wat vrygekoop is van sondeskuld en wat losgekoop is van die mag van die sonde en die dood, deur die soendood van Christus aan die kruis. Die sonde en die dood het dus geen aanspraak op gelowiges nie. Gelowiges behoort aan die Here! Die Here word geëer in die sterwe van 'n gelowiges omdat hulle nie deur die Here aan die dood en die sonde prysgegee word nie. Hulle sterwe as eiendom van die Here. Hulle sterwe in die hand van die Here met die sekerheid dat die Here die sonde, die dood en die Duiwel oorwin het en dat Hy sê: "Hy/sy is Myne!" Wanneer gelowiges sterwe, gaan hulle nie die dood in nie, maar die ewige lewe. Dit is die lewe by God waar hulle Hom in alle ewigheid kan eer en verheerlik.

Lewe getroos – leef tot eer van die Here in die wete dat ons ook tot sy eer sal sterwe! Dank die Here vir sy liefde in Jesus Christus, want dit is 'n liefde wat vir ons lewensruimte gee. Die liefde verlos ons van die heerskappy van die sonde en die dood, sodat ons kan lewe tot eer van die Here en sterf tot eer van die Here.

Sing: Psalm 16:4,5 Ds FM Dreyer (Noordrand)